# OORSIG VAN GELD- EN BANKWESE

## Derde Kwartaal 1951

Die sterk stygende beweging in die in gelduitgedrukte omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid wat gedurende die laaste twee kwartale van 1950 sigbaar was, en wat voortgesit is gedurende die eerste twee kwartale van 1951, alhoewel teen 'n ietwat stadiger tempo weens seisoensdalings in sekere ekonomiese bedrywighede, is nie gedurende die derde kwartaal van 1951 gehandhaaf nie. Gedurende hierdie kwartaal het dit op ongeveer dieselfde peil as in die tweede kwartaal van die jaar bly beweeg.

Die verandering in die opwaartse beweging gedurende die derde kwartaal wat plaasgevind het ten spyte van 'n verdere toename in die land se algemene pryspeil (alhoewel gemeld moet word dat daar 'n sterk daling in wolpryse was) en ook ten spyte van toenames in bedrywighede soos die boubedryf, transaksies in vaste eiendom en die spoorwegverkeer, moet grotendeels toegeskryf word aan die dalings wat plaasgevind het in die buitelandse en binnelandse handel (wat gedeeltelik seisoensdalings was) en in effektebeurstransaksies. Dit kan egter verwag word dat die omvang van die land se ekonomiese bedrywigheid, in terme van geld gemeet, weer 'n styging sal toon gedurende die laaste kwartaal van die jaar, weens seisoenstoenames in die uitvoer en binnelandse handel.

### BETALINGSBALANS

Nadat aansuiwerings vir betalingsbalansdoeleindes aangebring is, dui die Unie se voorlopige handelsyfers aan dat die goedereinvoer, wat vanaf £97 miljoen in die eerste kwartaal van 1951 tot £130 miljoen in die tweede kwartaal gestyg het, ietwat verminder het na £127 miljoen in die derde kwartaal, en die totale invoer vir die eerste nege maande van die jaar het dus £354 miljoen beloop vergeleke met £213 miljoen gedurende die eerste nege maande van 1950.

Goedereuitvoere (met uitsluiting van staafgoud, goudprodukte en skeepsvoorrade), aan die ander kant, wat vanaf £76 miljoen in die eerste kwartaal van 1951 tot £69 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem het, het daarna in die derde kwartaal nog verder tot £58 miljoen gedaal, grotendeels as gevolg van die seisoensdaling in die woluitvoere, en die totale goedereuitvoer vir die eerste nege maande van die jaar het dus £203 miljoen beloop wat nog heelwat meer was as die bedrag van £135 miljoen wat gedurende die eerste nege maande van 1950 uitgevoer is. Sodoende het die land se tekort op die goedererekening (goud uitgesluit), nadat dit van £21 miljoen in die eerste kwartaal van 1951 tot £61 miljoen in die tweede kwartaal gestyg het, nog verder na £69 miljoen in die derde kwartaal toegeneem, en dit gee 'n totaal van £151 miljoen vir die eerste nege maande van die jaar vergeleke met die tekort van £78 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1950. Word die Unie se netto goudproduksie, enersyds, en sy tekort t.o.v. onsigbare poste op lopende rekening, andersyds, in berekening gebring, dan het die netto lopende tekort met die buiteland ongeveer £49 miljoen in die derde kwartaal van 1951 bedra vergeleke met £5 miljoen en £40 miljoen onderskeidelik in die eerste en tweede kwartale van die jaar, en dit beteken dat die totale netto lopende tekort vir die eerste nege maande van die jaar op £94 miljoen te staan gekom het vergeleke met die tekort van £7 miljoen gedurende die eerste nege maande van 1950.

Op kapitaalrekening het die Unie in die derde kwartaal van 1951 'n verdere omvangryke gunstige saldo vertoon. Die netto toestroming van private kapitaal, insluitende handelskrediete en die repatriasie van kapitaal, het ongeveer £18 miljoen gedurende hierdie tydperk beloop vergeleke met ongeveer £9 miljoen en £20 miljoen onderskeidelik gedurende die eerste en tweede kwartale van die jaar. Boonóp het trekkings op offisiële dollarlenings ongeveer £1 miljoen in die derde kwartaal beloop vergeleke met £4 miljoen in die tweede kwartaal, in teenstelling met die terugbetaling deur die Unie-regering gedurende die eerste kwartaal van die jaar van sy dollartrekking van omtrent £4 miljoen van die Internasionale Monetêre Fonds. Die totale netto toestroming van kapitaal uit alle bronne het dus ongeveer £48 miljoen in die eerste nege maande van 1951 bedra vergeleke met ongeveer £54 miljoen in die eerste nege maande van 1950 toe die netto toestroming van private kapitaal ongeveer £41 miljoen en die ontvangste uit offisiële lenings ongeveer £13 miljoen beloop het.

As die bostaande kapitaal- en lopende-rekeningsyfers dus saamgevat word, dan het die Unie se totale goud- en valutabesit, d.w.s. dié van die Reserwebank, die handelsbanke en die Unie-regering, met ongeveer £30 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1951 afgeneem vergeleke met omtrent geen verandering gedurende die eerste kwartaal van die jaar nie en 'n afname van omtrent £16 miljoen in die tweede kwartaal. Daar was dus 'n totale afname van ongeveer £46 miljoen gedurende die eerste nege maande van die jaar vergeleke met die styging van ongeveer £47 miljoen wat in die eerste nege maande van 1950 plaasgevind het.

Vanaf die end van September tot die end van November 1951, het die Reserwebank se gesamentlike voorraad goud en valuta van £132 miljoen tot £139 miljoen toegeneem. Die toename van £7 miljoen gedurende die twee maande kan in verband gebring word met verhoogde ontvangste uit uitvoere.

## GELD IN OMLOOP

Die afwaartse beweging in die hoeveelheid geld in omloop in die Unie wat gedurende die tweede kwartaal van 1951 sigbaar was toe die bedrag van die hoogtepunt van £463.9 miljoen aan die end van Maart tot £452.0 miljoen aan die end van Junie afgeneem het, is gedurende die derde kwartaal voortgesit en die bedrag het gedaal tot £421.8 miljoen aan die end van September. Die afname van omtrent £30 miljoen gedurende die derde kwartaal is geheel en al veroorsaak deur die ongunstige saldo op die Unie se betalingsbalans aangesien die toename van ongeveer £3 miljoen in bankkrediet in die Unie gedurende hierdie tydperk gekompenseer is deur die negatiewe effek van ander oorsaaklike faktore soos die verskuiwing vanaf onmiddellik opeisbare- na termyndeposito's by die handelsbanke. Wat bankkrediet betref, was daar 'n toename van £11 miljoen in Reserwebankkrediet terwyl die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte ook met dieselfde bedrag toegeneem het. Aan die ander kant, het die handelsbanke se beleggings met ongeveer £12 miljoen en hul deposito's by die Nasionale Finansiekorporasie met omtrent £7 miljoen gedaal.

In die maand Oktober, toe die Unie se betalingsbalans 'n gunstige wending neem, het die hoeveelheid geld in omloop 'n styging van £3.5 miljoen vertoon om op £425.3 miljoen aan die end van die maand te staan te kom.

## BANKDEBETTE

Die indeks van bankdebette (basis: 1938 = 100) wat sterk agtereenvolgende stygings gedurende die vier kwartale geëindig Junie 1951 vertoon het en toegeneem het van 352.3 in die tweede kwartaal van 1950 tot 462.7 in die tweede kwartaal van 1951, het daarna ietwat afgeneem na 462.4 in die derde kwartaal van 1951. Hierdie klein afname in bankdebette in die derde kwartaal weerspieël die netto effek van toenames, aan die een kant, in sekere ekonomiese bedrywighede soos die boubedryf, transaksies in vaste eiendom en die spoorwegverkeer, en afnames, aan die anderkant, in bedrywighede soos die buitelandse en binnelandse handel en effektebeurstransaksies.

By voorbeeld, die indeks (basis: 1948 = 100) van die waarde van geboue waarmee 'n aanvang gemaak is in die agtien vernaamste munisipaliteite het van 138 in die tweede kwartaal van 1951 tot 185 in die derde kwartaal gestyg en dié van die waarde van geboue voltooi van 89 tot 122, terwyl die indeks (basis: 1938 = 100) van die waarde van transaksies in vaste eiendom van 392 tot 433 en dié van spoorweginkomste t.o.v. vervoerdienste van 303 tot 308 toegeneem het. Aan die ander kant, het die indeks (basis: 1938 = 100) van die waarde van goedereinvoere van 546 tot 534, en dié van die waarde van goedereuitvoere van 855 tot 700 gedaal, terwyl die indekse (basis: 1948 = 100) van kleinhandelsverkope ook afgeneem het, nl. van 107 tot 102 in die geval van Johannesburg, 108 tot 103 in die geval van Pretoria en 100 tot 91 in die geval van Kaapstad. Boonop was daar afnames in die geval van aandelepryse en die indeks (basis: 1938 = 100) van alle goudmynaandele het van 182 tot 172 en dié van industriële en kommersiële aandele van 204 tot 200 gedaal.

T. W. de Jongh,
*Statistikus.*

# MONETARY AND BANKING REVIEW

## Third Quarter 1951

The strong upward movement in the Union's pecuniary volume of economic activity which had been in evidence during the last two quarters of 1950, and which was continued during the first two quarters of 1951 although at a somewhat slower tempo due to seasonal declines in certain branches of economic activity, was not maintained during the third quarter of 1951. During this quarter it remained on approximately the same level as that established during the second quarter of the year.

The change in the upward movement noted during the third quarter, which took place in spite of a further increase in the country's general level of prices (although it should be mentioned that there was a sharp drop in wool prices), and also in spite of the increases registered in such activities as building, property transactions and railway transportation, is largely to be associated with the declines which took place in external and internal trade (which were partly seasonal) and in stock-exchange activity. The country's pecuniary volume of economic activity can, however, be expected to show an increase again during the fourth quarter of the year, due to seasonal increases in export and internal trade.

### BALANCE OF PAYMENTS

The Union's preliminary trade figures, after adjustment for balance of payments purposes, indicate that the imports of merchandise which had increased from £97 million in the first quarter of 1951 to £130 million in the second quarter, declined slightly to £127 million in the third quarter, so that total imports for the first nine months of the year amounted to £354 million compared with £213 million during the first nine months of 1950.

The exports of merchandise (excluding gold bullion, gold products and ships' stores), on the other hand, which had declined from £76 million in the first quarter of 1951 to £69 million in the second quarter, showed a further decline to £58 million in the third quarter, largely on account of the seasonal decline in wool exports, so that total exports of merchandise for the first nine months of the year amounted to £203 million which was still well above the amount of £135 million exported during the first nine months of 1950. Thus the country's trade deficit (excluding gold), after increasing from £21 million in the first quarter of 1951 to £61 million in the second quarter, rose further to £69 million in the third quarter, which gives a total of £151 million for the first nine months of the year compared with a deficit of £78 million during the corresponding period in 1950. Taking into account the Union's net gold output, on the one hand, and its deficit in respect of invisible current items on the other, the net current deficit with the outside world amounted to about £49 million in the third quarter of 1951 as against £5 million and £40 million in the first two quarters of the year respectively, i.e. a total of about £94 million for the first nine months of the year compared with a deficit of £7 million during the first nine months of 1950.

On capital account the Union showed a further substantial favourable balance during the third quarter of 1951. The net inflow of private capital, including trade credits and the repatriation of capital, amounted to about £18 million during this period compared with about £9 million and £20 million respectively during the first and second quarters of the year. In addition, drawings under official dollar loans amounted to about £1 million in the third quarter compared with £4 million in the second quarter, as against the repayment during the first quarter of the year by the Union Government of its dollar drawing of about £4 million from the International Monetary Fund. Thus the total net inflow of capital from all sources amounted to about £48 million in the first nine months of 1951 compared with about £54 million during the corresponding period in 1950 when net private capital receipts amounted to about £41 million and receipts under official loans to £13 million.

Combining the current- and capital-account figures quoted above, the Union's total gold and exchange holdings, i.e. of the Reserve Bank, the commercial banks and the Union Government, declined by about £30 million during the third quarter of 1951 compared with approximately no change during the first quarter of the year and a decline of about £16 million during the second quarter. The total decline for the first nine months of the year, therefore, amounted to about £46 million compared with an increase of about £47 million during the first nine months of 1950.

From the end of September to the end of November, 1951, the Reserve Bank's combined gold and exchange holdings increased from £132 million to £139 million. The increase of £7 million over the two months reflects a favourable balance of payments and could be associated with increased receipts for exports.

### MONEY IN CIRCULATION

The downward movement in the quantity of money in circulation in the Union during the second quarter of 1951 when the amount declined from the peak figure of £463.9 million at the end of March

to £452.0 million at the end of June, was continued during the third quarter, the amount falling to £421.8 million by the end of September. The drop of about £30 million during the third quarter was entirely accounted for by the Union's unfavourable balance of payments, since the increase of about £3 million in bank credit in the Union during this period was offset by the negative effect of other causal factors such as the shift from demand to time deposits with the commercial banks. With regard to bank credit, there was an increase of £11 million in Reserve Bank credit, while the commercial banks' discounts and advances also increased by the same amount. On the other hand, the commercial banks' investments declined by the about £12 million and their balances with the National Finance Corporation by about £7 million.

During the month of October, with the Union's balance of payments taking a favourable turn, the quantity of money in circulation increased by £3.5 million to stand at £425.3 million at the end of that month.

## BANK DEBITS

The index of bank debits (base : 1938 = 100) which had shown strong consecutive increases during the four quarters ended June, 1951, rising from 352.3 in the second quarter of 1950 to 462.7 in the second quarter of 1951, declined slightly thereafter to 462.4 in the third quarter of 1951. This slight decline in bank debits in the third quarter reflects the net effect of increases, on the one hand, in certain branches of economic activity such as building, property-market transactions and railway transportation, and decreases, on the other hand, in such activities as external and internal trade and stock-exchange transactions.

For example, the index (base : 1948 = 100) for the value of buildings commenced in the eighteen principal municipalities increased from 138 in the second quarter of 1951 to 185 in the third quarter and that for the value of buildings completed from 89 to 122, while the index (base: 1938 = 100) of the value of property transactions increased from 392 to 433, and that for railway earnings in respect of transportation services from 303 to 308. On the other hand, the index (base : 1938 = 100) for the value of merchandise imports declined from 546 to 534 and that for the value of merchandise exports from 855 to 700, while the indexes (base: 1948 = 100) of retail sales declined from 107 to 102 in the case of Johannesburg, 108 to 103 in the case of Pretoria and 100 to 91 in the case of Cape Town. In addition, declines were registered in the case of share prices, the index (base : 1938 = 100) for all gold mining shares falling from 182 to 172 and that for industrials from 204 to 200.

T. W. de Jongh,
*Statistician.*

# Die Unie se Nasionale Rekeninge, 1946 – 1950

## INLEIDING

In die September 1951-uitgawe van hierdie kwartaalblad is 'n tabel met beleggingstatistiek van die Unie vir die periode 1938-50 ingesluit (herdruk as Tabel XXX in hierdie uitgawe). Die huidige berekenings i.v.m. die Unie se nasionale rekeninge (vgl. Tabel XXXI) poog om die statistiese ontleding van die inkomste- en uitgawestroom in die ekonomie verder te voer deur nie net beleggingsyfers nie maar ook die ander verwante groothede wat gewoonlik in 'n opsplitsing van die inkomste- en uitgawe-totale van 'n ekonomiese stelsel onderskei word, in te sluit. Die term „nasionale rekeninge" word op hierdie opsplitsing van die lopende en kapitaaltransaksies wat in die hoofvertakkings van die ekonomiese stelsel in 'n gegewe termyn, gewoonlik 'n kalenderjaar, plaasvind, toegepas.

Tabel XXXI bestaan uit 5 sub-tabelle, wat vanaf A tot E genommer is. Hierdie sub-tabelle het op die volgende onderwerpe betrekking :—

Tabel A : die afleiding van die bruto volksproduksie teen markwaarde;
Tabel B : volksinkomste en -uitgawe;
Tabel C : private inkomste en uitgawe;
Tabel D : inkomste en uitgawe van owerheidsliggame, en
Tabel E : besparing en belegging, d.w.s. die Unie se kapitaalrekening.

Na 'n kort bespreking van die hoofbegrippe wat in die tabelle gebruik word, word 'n oorsig gegee van die mees belangrike punte wat deur die syfers na vore gebring word.

## BEGRIPPE GEBRUIK IN DIE BEREKENINGS

Die Unie se bruto volksproduksie (Tabel XXXI A) is die waarde teen heersende pryse van die opbrengs aan goedere en dienste wat deur sy inwoners geproduseer is. Die inkomste wat deur buitelandse kapitaal en ander produksiefaktore van die buiteland, bv. die naturellearbeiders van aangrensende gebiede, wat in die Unie se bedryfstruktuur dienste verrig, word nie in genoemde syfers ingesluit nie, aangesien dit nie 'n deel van die land se nasionale produk uitmaak nie. Die aansuiwering wat op hierdie wyse t.o.v. die Unie se binnelandse of geografiese produksie gemaak moet word om die bruto volksproduksie te kan bereken het in 1950 op 'n bedrag van meer as £50 miljoen te staan kom.

Van twee verwante begrippe, t.w. netto volksinkomste en -uitgawe teen *faktorkoste* en teen *markwaarde,* word in Tabel XXXI B gebruik gemaak. Hierdie begrippe word as „netto" bestempel omdat waardeverminderingsbedrae nie in hul berekening in ag geneem is nie. Die byvoeging van hierdie bedrae lei tot die bruto volksproduksietotale wat in die vorige tabel teëgekom is. Die uitdrukking „volksinkomste teen faktorkoste" het op die inkomste wat aan die verskillende produksiefaktore betaalbaar is, betrekking. Om „volksuitgawe teen markwaarde" van „volksinkomste teen faktorkoste" te herlei vereis die byvoeging van indirekte belastings, min subsidies. Indirekte belastings, soos doeane en aksynsregte, maak nie deel uit van die „faktorkoste" van die betrokke goedere nie, maar word toegevoeg wanneer die „markwaarde" van hierdie goedere bepaal word; die teenoorgestelde geld in die geval van subsidies, wat bestaan uit geldelike hulp verskaf deur die regering aan private ondernemers, soos koring- en mielieboere, met die doel om die markprys van die betrokke produkte op 'n laer peil vas te stel as wat die geval sou gewees het as die werklike produksie- of faktorkoste as basis vir die markprysbepaling geneem sou gewees het.

Vir die doeleindes van die huidige berekenings word die ekonomiese stelsel in twee breë afdelings verdeel, t.w. die private en die openbare vertakking, en aparte rekenings word vir elk opgestel. Tabel XXXI C het betrekking op die private vertakking, wat die inkomste- en uitgawetransaksies van alle uiteindelike verbruikers, soos bv. gesinshuishoudings, omvat. Nie-wins-organisasies, soos bv. liefdadigheidsliggame, bemarkingsrade, e.d.m. word ook in hierdie vertakking ingesluit. Pos 4(b), d.w.s. oordragbetalings, bestaan uit bedrae wat deur individue van die regering ontvang is maar waarvoor daar geen lopende dienste verrig is nie, bv. oorlogspensioene. Die owerheidsvertakking se werksaamhede word in Tabel XXXI D uiteengesit. Onder hierdie owerheidsliggame word die Unie-regering, die provinsiale administrasies en plaaslike besture (bv. stadsrade, gesondheidsrade en afdelingsrade) ingesluit.

Al die saldo's van die voorafgaande rekeninge word in die finale rekening, d.w.s. die samegestelde kapitaalrekening van die Unie (Tabel XXXI E), byeengebring. Private besparings [pos 8 (a)] is die sluitpos m.b.t. inkomste en uitgawe in Tabel XXXI C [pos 5 (c)], en dieselfde geld t.o.v. die lopende surplus van die owerheidsliggame [poste 8 (b) en 7 (d) in Tabelle XXXI E en XXXI D, onderskeidelik]. Private en openbare besparings, plus lopende inkomste wat regstreeks deur die Unie-regering na sy leningsrekening gekrediteer is [pos 8 (c), Tabel XXXI E], verteenwoordig totale binnelandse besparings, en, tesame met die fondse verkry van oorsese leners en uit die verkopings van goud- en valutareserwes, verskaf dit die fondse wat vir die finansiering van die kapitaalbenodigdhede van die land beskikbaar is.

Tabel XXXI se syfers het op kalenderjare betrekking, sodat aansuiwerings gemaak moes word vir die Sensusburo se volksinkomstesyfers, wat die periode Julie-Junie dek, en die syfers van die owerheidsliggame, wat op 'n belastingjaarbasis is. Aangesien die jongste gepubliseerde volksinkomstesyfer dié vir die jaar geëindig Junie 1950 is, moes die syfer vir die kalenderjaar 1950 geskat word. Ander

skattings was nodig vir gevalle waar die jongste gegewens nog nie beskikbaar was nie, bv. vir owerheidsliggame. Die 1950-syfers moet dus as voorlopig beskou word.

Klem moet gelê word op die feit dat regstreekse skattings van persoonlike verbruiksuitgawes en private besparings nie in die huidige berekenings aangedurf is nie vanweë die gebrek aan die nodige gegewens. Hierdie twee groothede is as resposte in Tabel XXXI B en Tabel XXXI C, onderskeidelik, afgelei, sodat weglatings en statistiese tekortkomings t.o.v. die ander poste in hierdie tabelle in hierdie resposte tot uiting sal kom.

## NEIGINGS t.o.v. VOLKSINKOMSTE- EN UITGAWE, 1946-50

Die uitwerking van die abnormale toestande wat die na-oorlogse fase van die konjunktuurgolf in die Unie kenmerk, word op 'n treffende wyse in die nasionale rekeninge vir die periode 1946-50 blootgelê. Terwyl 'n sterk stygende beweging dwarsdeur hierdie periode in die inkomste- en uitgawetotale waargeneem kan word, het daar dramatiese verskuiwings in die samestellende poste van hierdie totaalbedrae, soos bv. negatiewe buitelandse belegging, persoonlike verbruik, en private besparings, plaasgevind.

Twee hooffaktore is vir die opvallende veranderings in die samestelling van die inkomste- en uitgawetotale verantwoordelik. Die eerste faktor is die resultaat van die invloed van die gedwonge inkorting van verbruiksuitgawe, sowel as van kapitaaluitgawe t.o.v. burgerlike ondernemings, gedurende Wêreldoorlog II. Aan die einde van die oorlog moes 'n groot agterstand t.o.v. die voorsiening van verbruiksgoedere, veral van ingevoerde duursame verbruiksgoedere, ingehaal word, terwyl voorrade van bedrywe 'n laagtepunt bereik het; bowendien was daar 'n ongeëwenaarde reeks van beleggingsgeleenthede in die mynwese, die boubedryf, die nywerheid, die vervoer-, krag- en verkeerswese, en die boerdery. Hierdie opgehoopte vraag na goedere was dus 'n aanduiding dat die uitgawes van Unie-inwoners 'n rekordomvang sou bereik sodra omstandighede die bevrediging van hierdie behoeftes moontlik sou maak. Die stimulerende uitwerking van hierdie toestand was van groot betekenis tot aan die einde van 1948, en die belangrikste gevolg van hierdie ontwikkelings t.o.v. die Unie se ekonomie was dat dit tot 'n toenemende verswakking in die betalingsbalans gelei het.

Die tweede faktor wat die gedrag van die inkomste- en uitgawetotale in die na-oorlogse periode beïnvloed het, tree teen die einde van 1948 op die voorgrond. Hierdie nuwe faktor is die amptelike inkortingsbeleid, wat in maatreëls soos invoerbeheer sy beliggaming vind, en wat die uitbreiding van uitgawes aan verbruiksgoedere aan bande lê, en sodoende persoonlike besparings verhoog, wat op sy beurt weer die invloed van die daling in kapitaalinvoere teengaan. Met die oog op 'n beklemtoning van die rol van die twee bogenoemde faktore kan die periode 1946-50 dus in twee sub-periodes, t.w. 1946-48 en 1949-50, verdeel word.

Eerstens kan die gebeurtenisse tot die einde van 1948 in die lig van die nasionale rekeningesyfers bespreek word. Die uitgawe van verbruiksgoedere en -dienste gedurende elk van die twee laaste oorlogsjare, nl. 1944 en 1945, was ongeveer £450 miljoen. Gedurende dié twee jare was die syfers vir netto private belegging £23.3 miljoen en £38.3 miljoen, onderskeidelik, en vir die totaal van netto openbare en private belegging £39.2 miljoen en £61.3 miljoen onderskeidelik. Voor-die-hand-liggende gevolgtrekkings kan van die verbruik- en beleggingsyfers gedurende die volgende drie jaar, wat in Tabel XXXI aangetoon word, gemaak word. Uitgawe aan verbruiksgoedere het in 1948 £720.4 miljoen bedra, vergeleke met £450 miljoen in 1945, d.w.s. 'n persentasiestyging van ongeveer 60 persent binne drie jaar. Netto private belegging en die totaal van netto private en openbare belegging het in 1948 op £141.3 miljoen en £203.9 miljoen, onderskeidelik, te staan gekom, d.w.s. toenames van 268.9 persent en 232.6 persent, onderskeidelik, vergeleke met 1945. Gedurende dieselfde driejaarperiode het die Unie se nasionale produksie aan goedere en dienste, soos gemeet deur die volksinkomste, met slegs 23.9 persent, d.w.s. van £646.9 miljoen na £801.2 miljoen, toegeneem. Dit spreek dus vanself dat 'n ekonomiese stelsel soos die van die Unie, wat selfs in normale tye 'n ongunstige betalingsbalans op lopende rekening het, nie in staat was om aan die ongeëwenaarde toename in die vraag na verbruiks- en kapitaalgoedere te voldoen nie, en gevolglik het invoere rekordhoogtes bereik.*

Die enigste manier waarop die gaping tussen die ekonomie se eie bronne en sy abnormale behoeftes in die jare onmiddellik na die oorlog gevul kon word was natuurlik deur kapitaalinvoere en deur die verkoping van goud- en valutareserwes wat gedurende die oorlog opgebou is. Hierdie gaping het in die jare 1946-48 £72.0 miljoen, £188.0 miljoen en £185.5 miljoen, onderskeidelik, bedra.

Verbruiksuitgawes het so 'n omvang in 1947 en 1948 aangeneem dat private besparings in hierdie jare selfs negatief geword het. Tussen 1946 en 1947, bv., het verbruiksuitgawe van £553.3 miljoen tot £694.9 miljoen gestyg, 'n toename van £162.6 miljoen. Gedurende dieselfde periode het private inkomste (voor belasting) met slegs £48.7 miljoen toegeneem, d.w.s. vanaf £674.9 miljoen na £723.6 miljoen. Aangesien £64.5 miljoen aan direkte belastings betaal moes word, bo en behalwe die uitgawe aan verbruiksgoedere, het private uitgawe vir private inkomste in 1947 oortref. Hierdie negatiewe besparing deur die private sektor, is in 1948

* As 'n aanduiding van die toename in die uitgawes aan duursame verbruiksgoedere sedert 1945, kan die geval van passasiersmotorvoertuie hier gemeld word. Die getal nuwe motors geregistreer was 261 in 1945, 15,050 in 1946, 44,420 in 1947 en 61,052 in 1948.

herhaal. Die fondse wat nodig was om hierdie tekort in private inkomste vergeleke met private uitgawe te finansier, is verskaf deur gebruik te maak van die oorvloedige likwiede bates wat gedurende die oorlogsperiode, toe persoonlike besparing baie aansienlik was, opgebou is en deur die verkoping van bates soos vaste eiendom en effekte op 'n tydstip toe daar baie oorsese fondse was wat vir beleggingskanse gesoek het. Die feit dat die private vertakking van die ekonomiese stelsel op sy kapitaal geteer het, het egter nie tot 'n stopsetting van netto belegging gelei nie, soos wel die geval sou gewees het indien dit die enigste bron van fondse vir beleggingsdoeleindes was. Inteendeel, soos reeds vermeld, was die Unie besig om teen 'n rekordkoers sy binnelandse kapitaalbates uit te brei. Die uitwerking van die negatiewe private besparings het in 'n beperkte mate 'n teenwig in die positiewe besparings van die owerheidsliggame gehad, hoewel laasgenoemde bedrag nie voldoende was om totale binnelandse besparings in 'n positiewe bedrag in 1947 te verander nie. Verreweg die grootste deel van die taak om die invloed van die negatiewe private besparings teen te gaan is deur oorsese beleggers en deur die verkoping van die Unie se goud- en valutareserwes vervul. Die Unie se geweldige program van binnelandse kapitaaluitgawe het dus met 'n proses van negatiewe belegging in die buiteland gepaard gegaan.

Dit moet beklemtoon word dat volgens die definisie van private besparings wat hier gebruik word, die begrip twee bestanddele insluit, nl. persoonlike en besigheidsbesparings. Besigheidsbesparings bestaan uit nie-verdeelde winste in die vorm van groter reserwes, of as saldo's wat na die volgende boekjaar oorgebring word. Dwarsdeur hierdie periode is omtrent 22 persent van totale besigheidswinste op hierdie wyse gereserveer, maar die negatiewe persoonlike besparings was so omvangryk dat dit hierdie positiewe besigheidsbesparings oortref het. Hierdie twee begrippe is egter nie heeltemal onafhanklik van mekaar nie, en as meer van die totale besigheidswinste in die vorm van dividende verklaar was, sou 'n deel van die bykomstige persoonlike inkomste miskien gespaar gewees het, sodat teenoor die kleiner bedrag aan besigheidsbesparings daar 'n ietwat hoër bedrag aan persoonlike besparings mag gewees het.

In werklikheid moes die private besparingsyfers in Tabel XXXI vir die periode 1946-48 nog laer gewees het weens die feit dat die direkte belastingbetalings wat van private inkomste afgetrek is, minder was as die werklike verpligtings t.o.v. direkte belastings in hierdie jare. Aangesien daar 'n groot agterstand was in die belastingaanslae m.b.t. die betrokke jare waarin die inkomstes verdien is, het die besparingsyfers 'n bedrag ingesluit wat as reserwes vir die betaling van uitstaande belastingverpligtings beskou moet word, en nie as werklike besparings nie. Een geval van hierdie onderskatting van belastingverpligtings kan genoem word. In die geval van die boekjaar 1946-47 het die totale inkomstebelasting (normale en super) wat op individue gehef is, £18.6 miljoen bedra, terwyl volgens die 1949-verslag van die Binnelandse Inkomstedepartement die totale inkomstebelastingverpligting vir individue vir die inkomstebelastingjaar 1946-47 £34.4 miljoen was. Alhoewel die betrokke boekjare nie dieselfde is nie, aangesien hulle in Maart en Junie, onderskeidelik, eindig, dui 'n vergelyking van die twee syfers op 'n onderskatting van die werklike 1947-belastingverpligtings. Dieselfde geld in die geval van direkte maatskappybelasting, asook vir die provinsiale direkte belastings wat op dieselfde formulier as dié wat deur die Unie-regering se aanslagkantore gebruik word, aangeslaan word.

Soos hierbo uiteengesit is die uitbreidingsfase in die Unie se totale uitgawes stopgesit deur die betalingsbalansmoeilikhede wat dit tot gevolg gehad het. Private kapitaaltoevloei wat 'n hoogtepunt van £182 miljoen in 1947 bereik het, het tot £91 miljoen in 1948, en £50 miljoen in 1949, gedaal. Goud- en valutareserwes het van £267 miljoen teen die einde van Desember 1945 tot £161 miljoen (insluitende die tydelike goudlening van £80 miljoen aan die Verenigde Koninkryk) aan die einde van Desember 1948 gedaal. Aangesien daar nie vir 'n onbepaalde tyd op negatiewe buitelandse belegging gesteun kon word om die gaping tussen die Unie se uitgawe en sy volksinkome te dek nie, moes invoerbeheer ingestel word om die vloei van goedere beskikbaar vir die gebruik van die Unie se inwoners te reguleer. Dit kan ook aanvaar word dat 'n groot deel van die opgehoopte vraag na ingevoerde verbruiksgoedere na 'n drie jaar van buitengewoon hoë invoere bevredig was. Die netto uitwerking op verbruiksuitgawe van die amptelike diskrimineringsbeleid teen ingevoerde verbruiksgoedere kan duidelik in Tabel XXXI gesien word. Uitgawe op verbruiksgoedere het slegs 'n geringe vermeerdering vanaf £720.4 miljoen tot £799.0 miljoen in 1948, en tot £815.1 miljoen in 1950, getoon. Totale netto belegging het vanaf sy 1948-hoogtepunt van 203.9 miljoen na £150.7 miljoen en £147.7 miljoen in 1949 en 1950, onderskeidelik, gedaal. Hierdie daling kan hoofsaaklik aan die negatiewe belegging in voorrade wat op die instelling van invoerbeheer gevolg het, toegeskryf word. Belegging in vaste kapitaaluitrusting is op die hoë peil van 1948 volgehou. (Kapitaaluitrusting word voorkeurbehandeling verleen in die uitreiking van invoerpermitte). Lopende uitgawe van owerheidsliggame het na 1948 nog steeds toegeneem, hoewel teen 'n gematigde koers. Terwyl die verdere uitbreiding van volksuitgawes dus gedemp is of selfs 'n ommekeer ondervind, soos in die geval van netto belegging, hou die netto volksinkomste aan met styg, nl. vanaf £801.2 miljoen in 1948 tot £885.4 miljoen en £1,030.2 miljoen in 1949 en 1950, onderskeidelik.

Die gevolg van hierdie nuwe ontwikkelinge was dat private inkomste private uitgawes oortref het, en dat private besparings so hoog as £101.3 miljoen in 1950 was. Die daling ten bedrae van £101.5

miljoen in die netto oorsese lenings en die verkoping van buitelandse bates, wat tussen 1949 en 1950 plaasvind, is deur hierdie toename in private besparings teengewerk, en dit was omrede hiervan dat die totale netto belegging in vaste kapitaaluitrusting op feitlik dieselfde peil as in 1948 volgehou kon word, ten spyte van die skaarste aan buitelandse beleggingsfondse.

Gedurende die hele 1946-50-tydperk het openbare besparings 'n betreklik aansienlike rol in die finansiering van die beleggingsprogram van die land gespeel. Dit het vanaf £11.6 miljoen in 1946 tot 'n hoogtepunt van £25.4 miljoen in 1947 gestyg, en was nie veel onderkant hierdie peil in 1950 nie.

## SLOTOPMERKINGS

Dit moet beklemtoon word dat die berekeninge in Tabel XXXI in terme van heersende pryse is, wat dus meebring dat die uitwerking van die na-oorlogse inflasie op die syfers nie verwyder is nie. Bruto volksproduksie teen markwaarde het van £772.0 miljoen in 1946 na £1,140.7 miljoen in 1950 toegeneem, 'n toename van 47.8 persent. Gedurende dieselfde periode het die Unie se kleinhandels- en groothandelsprysindekse met 18.8 persent en 25.5 persent, onderskeidelik, gestyg.

In die bespreking van inkomste- en uitgaweneigings het dit nuttig geblyk om 'n onderskeid tussen die werksaamhede van die private en openbare vertakkings van die ekonomie te maak. Die betekenis van hierdie twee sektore in die ekonomiese lewe van die land kan afgelei word van hul betreklike aandeel in die waarde van alle goedere en dienste wat in die Unie vir verbruiks- en beleggingsdoeleindes gekoop word. Die berekenings toon dat owerheidsliggame gedurende die periode onder bespreking vir omtrent een vyfde van alle uitgawes verantwoordelik was. Die owerheidsliggame se aandeel het tydelik gedaal in 1947 vanweë 'n absolute afname in hul lopende uitgawes. Sedertdien het die uitbreiding van openbare uitgawes verband gehou met dié van die private sektor, sodat die betreklike aandeel van owerheidsuitgawes in die Unie se totale uitgawe in 1949 weer op ongeveer 20 persent te staan gekom het.

'n Belangrike kenmerk van die Unie se nasionale rekeninge gedurende die tydperk onder bespreking is die hoë peil van gesamentlike netto kapitaalvorming in verhouding tot die netto volksinkomste teen markwaarde. Hierdie persentasie was 21.3 persent in 1946, en 23.5 persent in 1948, terwyl dit in 1950 na 13.6 persent gedaal het. Hierdie hoë persentasies dui aan watter groot afmetings die Unie se naoorlogse beleggingsopbloei aangeneem het.

Ten slotte is dit van belang om die aanmerklike veranderings in die rol van oorsese lenings in hierdie besondere fase van die ontwikkeling van die Unie se jong en lewenskragtige ekonomie te beklemtoon. In 1947 was die verhouding tussen die netto kapitaaltoevloei en die Unie se totale uitgawes, in persentasieterme uitgedruk, 22.7 persent. Hierdie persentasie het in 1950 gedaal na 7.1 persent.

D. G. Franzsen.